

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aanstreek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)

*O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.*

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: “Oorvloed”

Skriflesing: Matteus 14:13-21

“Not what we have But what we enjoy, constitutes our abundance.”

– Epicurus

“Abundance of knowledge does not teach men to be wise.”

– Heraclitus

Broodjies vir die pad

Konsertina en weemoed van lank, lank gelede

Wilhelm Jordaan

Onlangs by die begrafnis van ’n familielid het ek weer beleef hoe spontaan ou geloofsinhoude jou kan oorrumpel en ’n diep weemoed bring oor lank, lank gelede toe alles so eenvoudig was en maklik om te glo.

Met ’n konsertina in sy bruingebrande hande het ’n bejaarde predikant voor die begrafnisgangers op ’n stoel gaan sit en met toe oë, asof hy bid, “Wat ’n vriend het ons in Jesus” en “Nader my God by U” gespeel. In herinnering aan familiesamesyn van vroeër tye.

Ek was opeens bedroef, want die gedrae melankolie van die konsertina het my ver teruggeneem na my kindertyd en vakansies by my oupa en ouma op hul plaas op Hoeko naby Ladismith – die plek waar die Swartberg se donker skeure en klowe op maanlignagte lewensgeheime, Bybelverhale en kontreistories saamvoeg.

En die plek waar plaaswerkers saans by hul vure in die diep stiltes van die nag met konsertina, mondfluitjie en kitaar hul lewensleed en vreugdes gestalte gegee het.

Ek herinner my die huisgodsdienste saans. By ’n suisende paraffienlamp, omring van motte op soek na lig, het ons gesin die liedere hierbo gesing. En ook: “Middelpunt van ons verlange / Trooster van ons bang gemoed . . .”; met my ouma se hoë dun stemmetjie vooraan en die res van ons splend en ongelyk agterna.

Dit het moeilik geraak om so te bly glo. Die “Middelpunt” lyk sonder punt as wetenskaplikes reken die mens is niks meer nie as die evolusie van sterrestof; maaksels van kosmiese toevalligheid miljard jare gelede. En die idee van ’n God is bloot ’n gawe illusie om die werklikheid van ’n koue, onverskillige kosmos te verdryf. “Vriend Jesus” is maar net pure mens; ’n gelowige rondreisende evangelis, ’n wysheidsleraar, ’n revolusionêr, kruisvaarder vir die politiek, mens vir die medemens, behendige oëverblinder en flambojante skaretrekker – soos Leonard Cohen, Bruce Springsteen, Rodrigo, Elvis Blue en Jack Parow.

Maar uit die konsertina se weemoed kom ook die geskenk van misterie – dat die tradisie van ouds steeds die grammatika van geloof kan wees; dat vernuwend glo net “anders glo” is; nie sterker of swakker nie. Soos Sheila Cussons dit beskryf:

“Dit kom wanneer dit nie verwag / word nie: ’n aanraking van die verstand / lig soos ’n veer, vlugtig maar presies . . . / iets wat die bewussyn tot / in die lewe tref, iets soos ’n sagte sprong – / vreugde, verbasing, vreugde, herkenning:”

Hoe ver ’n mens ook al verwyderd raak van “die tradisie” en geloof inklee met ander inhoud, sal die “sagte sprong” van die misterie jou steeds verrassend intrek in die geborgenheid van die kindertyd. In die trant van Marie Bester se gedig “Dekonstruksie”:

“Haal die wyn uit die water. / Haal die offer uit die kruis. / Laat Lasarus vir ewig rus. / Laat die dowe klankvry bly, / Die blinde steeds sy kiere dra / Die skare honger slaap. / Maar soms, net soms, / Wil ek weer sing: / Liewe Jesus sag en rein / Kyk na my U kindjie klein.”

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/konsertina-en-weemoed-van-lank-lank-gelede-20170801>



“We are buried beneath the weight of information, which is being confused with knowledge; quantity is being confused with abundance and wealth with happiness.

We are monkeys with money and guns.”

– Tom Waits



“It is much more difficult to judge oneself than to judge others. If you succeed in judging yourself rightly, then you are indeed a man of true wisdom.

"What matters most are the simple pleasures so abundant that we can all enjoy them...Happiness doesn't lie in the objects we gather around us. To find it, all we need to do is open our eyes."

– Antoine de Saint-Exupéry, *The Little Prince*



We must work passionately and indefatigably to bridge the gulf between our scientific progress and our moral progress. One of the great problems of mankind is that we suffer from a poverty of the spirit which stands in glaring contrast to our scientific and technological abundance. The richer we have become materially, the poorer we have become morally and spiritually."

– Martin Luther King Jr.



Karel Schoeman sluit af met 2 boeke

Die skrywer Karel Schoeman wat sy eie lewe op 1 Mei vanjaar geneem het, het lesers onverhoeds betrap. Die reaksie op sy besluit was positief en negatief.

- In die outobiografie *Slot van die dag*: Gedagtes deel hy sy siening van oud word en die einde van die lewe met lesers. Dit sluit die reeks outobiografiese boeke af wat begin het met *Merksteen*: 'n Dubbelbiografie (1998), Die laaste Afrikaanse boek en 'n Duitser aan die Kaap (2004).

Dis 'n baie persoonlike boek wat kommentaar op die ouderdom lewer en praktiese wenke en inligting oor die moontlikhede en waarskynlike einde van die lewe gee.

Volgens 'n mediaverklaring is die element van afskeid en gelatenheid deurlopend. Hy verduidelik ook sy bevrydende besluit daarvoor om sy eie lewe te beëindig.

Die outobiografie is pas saam met die reisboek *Afskeid van Europa* uitgegee waarin hy verslag doen van sy laaste twee besoeke aan Nederland, Duitsland en Oostenryk in die herfs van 2011 en 2013. Die stede Amsterdam, Berlyn, Dresden, Salzburg en Wene kry veral aandag.

Reeds in hierdie reisboek is daar die gelatenheid omdat hy gedurig bewus is van die ouderdom en dat dit werklik sy laaste besoeke aan hierdie plekke gaan wees.

"Dis egter Schoeman se belesenheid en sy vermoë om die hede en verlede te skakel wat opval en hierdie boek 'n ryk leeservaring maak," lui die mediaverklaring.

Hy skryf oor die twee wêreldoorloë se impak op die mens en omgewing en die inisiatiewe om te herstel, veral in Berlyn en Dresden.

Die hede word egter nie geïgnoreer nie. Dinge wat daagliks gebeur, sake van die dag en self geregte van plekke wat hy besoek, maak dit ook vir mense wat nou reis interessant.

* Schoeman was een van Suid-Afrika se produktiefste skrywers. Hy het talle romans, nouvelles, dramatekste en geskiedkundige werk geskryf. Sy werk is met onder meer die Hertzogprys, die Recht Malan-prys en die N.P. van Wyk Louw-prys van die FAK bekroon.

* Albei boeke word deur Protea Boekhuis uitgegee. Besoek proteaboekhuis.co.za vir meer inligting.

<http://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/karel-schoeman-sluit-af-met-2-boeke-20170724>

Brood vir die pad

Soms word die tyd oomblikke

Soms voel die tyd mos na oomblikke van ewigheid. Van welbehae en diepe dank. Dalk opwinding en ekstase. Soms net rus en tevredenheid. Maar altyd die verlange dat dié oomblikke tog nie sal verbyvliet nie. Net nog effe sal duur, draal, vertoef omdat hulle so goéd is.

Glo die bekendste woorde in die ganse Duitse letterkunde verwoord dié gevoel. Naby Leipzig se stasie is steeds die studentelokaal Auerbachs Keller, waarheen Mefistofeles Dokter Faust neem – aldus Goethe – as dié sy siel verruil juis vir sulke oomblikke. "Verwyl nog 'n oomblik, jy is só mooi," pleit Faust, "dan is my siel vir ewig joune."

Maar ook ander tydvakke ken dié gevoel. In Bybelse tye is soms gepraat van engele op ons pad, sonder vlerke, gewone mense, maar op die regte tyd op die regte plek met die regte woorde en regte optrede. Toe hulle op hul nodigste was.

Eers agterna besef ons dis engele, dat die ewige naby gekom het in die tyd.

In die tyd van sonwysers was 'n geliefde Latynse spreuk daarop "horas non numero nisi serenas", losweg vertaal as "Ek tel net die sonnige ure".

Dié gevoel het vele oorsake, soos romantiese aangetrokkenheid: Dink maar hoe W.E.G. Louw se verlange in vreugde omslaan as hy haar by die deur hoor in "Stil aand" uit *Die ryke dwaas*.

Meevoerende musiek ook: Dink aan Albert Einstein wat in 1929 ná 'n konsert in Berlyn die 15-jarige Yehudi Menuhin omhels het met die woorde "Nou weet ek daar is 'n God in die hemel".

Of verrukking oor die skepping: Dink aan die reuk van eerste druppels in die stof, die aanskoue van sononder, die aanhoor van branders, die aanraking van 'n perd.

Selfs aangename geselskap: Dink aan heerlike ontspanne tye met vriende, die volkome vergeet van môre se sorg, die nabyheid van een wat omgee, die knipoog van 'n vertroude.

Dit kan verwondering wees oor kinders en kleinkinders: Dink aan die eerste blik, eerste glimlag, eerste woordjie, eerste treë, die eerste alles, almal oomblikke waarvan ons weerlose harte wens hulle sal nooit eindig nie, maar dúúr.

Vir sommige is sulke oomblikke religieus. Soos mistici wat iets ewigs soek in die tyd. Soos Luther wat die paradys se poorte voel oopgaan as hy in Wittenberg die evangelie van vrye guns ontdek.

Waar Protestante van oraloor pas weer saam bely hulle hoor God se eie stem in die evangelie. "Spreek die Here, word die tyd oomblikke van ewigheid . . . As ons met gewekte rede / Hom wat is hoor in die hede." – DJS

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/soms-word-die-tyd-oomblikke-20170714>



Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

*Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.*